Sondagskool 1

Lestitel: Jesus Christus en die kinders

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les **“Jesus Christus en die kinders”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Jesus Christus en die kinders
Bybelwoord	Mattheus 18: 1-5; 19: 13-15; Markus 9: 33-37; 10: 13-16 Lukas 9: 46-48; 18: 15-17
Lesdoelwit	Die kinders leer van die spesiale liefde wat die Here Jesus vir hulle het. Hulle voel aanvaar en geliefd en hul vertroue in Jesus Christus word op hierdie manier versterk.

Lesopsomming:

• Die Here Jesus het van dorp tot dorp gereis.

• Jesus se dissipels het saam met hom gereis. Hulle het gesels oor hoe wonderlik dit was dat hulle aan die Heer en Meester kon behoort en dat hy hulle almal liefgehad het.

• Op een van hierdie reise het die dissipels gestry oor wie van hulle die belangrikste vir die Here Jesus is.

• Jesus het sy rug op hulle gedraai asof Hy vir hulle sê: “Julle maak my hartseer”.

• Terwyl hulle verder gereis het, het die skares al hoe groter geword en die dissipels was bekommerd dat Jesus moeg sou word. Toe 'n groep vroue en kinders nader kom, het die dissipels hulle gestop.

• Die vroue het daarop aangedring dat hulle graag wil hê Jesus hul kinders moet seën.

• Jesus het dit gehoor en gesê: “Laat die kindertjies na my toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.” (Lukas 18:16)

• Jesus het tyd geneem om die kinders te seën en al kon hulle nie alles verstaan nie, kon hulle die liefde en die vreugde ervaar.

• Hierna het Jesus sy dissipels geroep om hulle te leer dat dit belangriker is om soos 'n kind te wees en te erken dat ons hulp nodig het.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Jesus het ons almal lief.
- Vandag kan ons met Jesus praat as ons bid.
- Ons kan op God vertrou.
- Dit bring vir ons vrede en vreugde.

Sommige vrae wat ons kan vra:

- *Vraag: Wat wou die moeders hê dat Jesus hul kinders moes gee?*

Antwoord: Seën

- *Vraag: Wat het die dissipels gedoen toe die moeders hul kinders wou bring?*

Antwoord: Hulle wou hulle stop.

- *Vraag: Wat het Jesus gesê toe Hy dit sien?*

Antwoord: “Laat die kindertjies na my toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.” (Lukas 18:16)

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag
Seën alle ouers en kinders
Mag ons u teenwoordigheid aanvoel
Seën die les wat ons gaan hê
Leer ons hoe om U te dien
En help ons om u wil te doen
Sodat ons nader aan U kan groei
Stuur Jesus om ons te kom haal
En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen